Daar bestaan 20 geregistreerde kultuurrade wie se kontakbesonderhede deur die sekretariaat opgedateer en bevestig is. Een geregistreerde kultuurraad het uit die Kommissie bedank ('n brief gedateer 27 Oktober 2009 is op 3 November 2009 ontvang). Die Bellville Afrikaanse Kultuurraad (verw.nr. C13/1/2/2/E/18) is op 18 Augustus 2009 ontbind. Ongeveer sewe nuwe aansoeke is van kultuurorganisasies ontvang. Maatstawwe vir die registrasie en de-registrasie van kultuurorganisasies is geformuleer en die komitee is tans besig met die aanstel van 'n navorser om navorsing te doen oor die bestaan en bedryfswyses van hierdie organisasies.

## 2.6.2 Befondsing van kultuurrade

Aansoeke om befondsing is ontvang en die ondervermelde is goedgekeur:

<b>Kultuurraad</b>	<b>Bedrag goedgekeur</b>
Zoeloe Nasie Wes-Kaap (C13/1/2/2/E/17)	R30 000
Griekwa Nasionale Konferensie van SA (C13/1/2/2/E1)	R30 000
Gouriekwa Huis (C13/1/2/2/E11)	R12 000
Nasionale Griekwa Kultuurraad (C13/1/2/2/E2)	R30 000

### 2.6.3 Kultuurkonferensie

'n Konferensie vir kultuurrade het op 20 en 21 November 2009 by Melkbos Oppieesee plaasgevind. Die doel van hierdie konferensie was om die konsep van kultuurrade aan die breër publiek voor te stel, des te meer aan daardie gemeenskappe waar dit tans nie bestaan nie. Daarbenewens het dit ten doel gehad om die rol van kultuurrade te verduidelik by die bevordering, bewaring en handhawing van kultuur en om die wetlike vereistes ten opsigte van kultuurrade uiteen te sit soos bepaal deur die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998.

By die konferensie was daar 80 deelnemers teenwoordig wat 47 organisasies verteenwoordig het. Die gebeure van die Vrydagaand het aktiwiteite ingesluit wat interaksie en die tentoonstel van verskillende kultuurpraktyke by wyse van kos, verhaalkuns en dans aangemoedig het.

Die konferensie se formele program het Saterdag om 08h30 begin met die registreer van konferensiebywoners en hul organisasies. Bywoners het 'n inligtingpakket ontvang wat die program, skryfbehoeftes en registrasie- en befondsingsvorme vir kultuurrade ingesluit het. Die programleier was mnr Christo van der Rheede. Me. Moleleki (Rekenpligtige Beampte: WKKK) het die gaste verwelkom en bekendgestel. Die programrede is in die afwesigheid van die LUR deur me Hannelie du Preez (Hoofdirekteur: Kultuursake) gelewer. Groepbesprekings kon oor die volgende onderwerpe gehou word: maatskaplike waardes (gelei deur mnr Eric Tshandu – WKKK-lid), ekonomiese waardes (gelei deur me. Undré Deglon – WKKK-lid), opvoedkundige waardes (gelei deur mnr Partick Blaauw – WKKK-lid) en kultuurwaardes (gelei deur me. Leanne Göhse – WKKK-lid). Tydens die verslagleweringssessie is daar tyd toegestaan aan 'n kort bespreking. Die voorsitter van die Komitee vir Kultuurrade, mnr Hendrik van Wyk, het die konferensie oor geestelike waardekwessies toegesprek.

#### **Aanbeveling**

Aanbevelings uit die konferensie was onder meer:

Opvolgwerkessies behoort gehou te word ten einde die bedryfswyse van kultuurrade ten beste te benut en op 'n praktiese wyse aan hulle te toon hoe om tot maatskaplike, kulturele, ekonomiese en opvoedkundige waarde toe te voeg.

#### **2.6.4 Fasiliteite Komitee**

Die Komitee vir Fasiliteite hou toesig oor en maak aanbevelings omtrent hoe fasiliteite ten beste benut kan word. In die boekjaar 2009/10 was die Komitee vir Fasiliteite ten volle operasioneel en het al sewe fasiliteite besoek. 'n Verslag met aanbevelings is deur die lede voorgelê. Die Komitee het by die volle vergadering aanbeveel dat alle fasiliteite opgegradeer moet word en toeganklik vir gestremdes gemaak moet word.

Die instandhoudings- en ontwikkelingsplan 2009/10 vir die opgradering van fasiliteite is goedgekeur en gebruik om vordering te monitor. 'n Konsep-inkomstebeleid vir die bespreek en huur van die fasiliteite in opgestel. Die Komitee het 'n advertensie in al die gemeenskapskoerante geplaas. Die idee was om nuwe aansoekers te lok, veral uit die histories agtergeblewe gemeenskappe, en om toe te sien dat die fasiliteite op diverse maniere gebruik word. Die Komitee vir Fasiliteite het by 'n volle vergadering aanbeveel dat die tariewe vir die huur van fasiliteite nie verhoog moet word nie aangesien die breë publiek vir die eerste keer van die fasiliteite te wete sou kom deur middel van die advertensie wat verskyn het. Veiligheid en sekuriteit blyk steeds 'n uitdaging by die fasiliteite te wees, aangesien buitestaanders op die Melkbos Kultuursentrum en Oppiesee oortree ten einde by die see te kan uitkom.

#### **2.6.5 Befondsingskomitee**

Die Komitee vir Befondingshulpverlening met die jaarlikse Kuns- en Kultuurbefondsingsproses. Lede van die befondsingskomitee het personeel bygestaan met die opstel en finalisering van maatstawwe waarvolgens voorstelle geëvalueer is. Gegewe die begrip en insig van die kuns- en kultuursektor het hul insette van onskatbare waarde tot die proses getuig. Die jaarlikse befondsingsproses het 61 organisasies ondersteun wat 68 projekte, wat uiteindelik befonds is, gelewer het. Opleiding vir NROs, met inbegrip van befondsingsontvangers en ander wat nie in die boekjaar 2009/10 vir befonding gekwalifiseer het nie, is dwarsoor die Provinsie aangebied. Die fokus was grotendeels op die verskaf van organisatoriese vermoëns en vaardighede aan organisasies. Opleidingsessies is by onderskeidelik Vredenburg, Oudtshoorn, Hawston en Worcester aangebied. Die opleiding het mense met die nodige vaardighede en kundigheid toegerus ten einde hulpbronne te bekom en die administrasie van hul organisasies te verbeter. Eenmiljoen rand (R1-m) is aan die Wes-Kaapse Kultuurkommissie beskikbaar gestel vir kapasiteitsbou en die opleiding van kuns- en kultuurorganisasies. 'n Opleidingshandleiding is saam met die diensverskaffer saamgestel wat as 'n leer- en verwysingsinstrument deur pas ontluikende organisasies aangewend kan word.

Die Komitee het die aanstelling van 'n konsultant aanbeveel om 'n raamwerk op te stel vir die ontwikkeling en koester van talent in die Wes-Kaap. Hierdie raamwerk is ontwikkel en sal gebruik word om rigting te gee aan die werk en funksionering van die Departement en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, om geleenthede binne die kunste en kultuur aan te vul.

## 2.6.6 Aanstel van Wes-Kaapse Kultuurkommissie

Tien benoemdes is met ingang 24 November 2008 as lede van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie aangestel. Die Staande Komitee vir Kultuursake het die Minister versoek om vier bykomende lede aan te stel ten einde die vereiste aantal, nl. 14 lede, vir die Wes-Kaapse Kultuurkommissie te voltooi.

Nadat daar 'n tweede advertensie geplaas is waarin bykomende benoemings aangevra is, is 18 aansoeke ontvang. 'n Oorsig van elke benoemde persoon is voor die voorlegging opgestel en na die Staande Komitee aangestuur by wyse van die Departement en die LUR. 'n Voorlegging is aan die Staande Komitee gedoen waarna daar 'n versoek gerig is dat die Komitee 'n kortlys na die LUR moet stuur wat die bykomende vier lede sou aanstel uit die kortlys wat ingedien is.

Die vier bykomende lede is op 5 Mei 2009 aangestel:

NR.	VAN	VOOR- NAAM	OORSIG
1	Du Plessis	Johannes Bernardus	- Betrokkenheid van jeug by kultuursake - Geesteswetenskappe - Kultuurbedrywe
2	Jacobs	Lungile	- Betrokkenheid van jeug by kultuursake - Geesteswetenskappe
3	May	Xolani Lawrence	- Letterkunde - Geesteswetenskappe - Bestuur van kultuurfasiliteite - Uitvoerende kunste - Betrokkenheid van jeug by kultuursake
4	Tshandu	Eric Ndoyisile	- Uitvoerende kunste - Kultuurbedrywe - Betrokkenheid van jeug by kultuursake

Ons lê met genoeë ons verslag voor vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2010.

#### **Ouditkomiteelede en Bywoning**

Ingevolge Kabinetsresolusie 55/2007 word die Kultuurkommissie deur die Ouditkomitee vir die Maatskaplike Groep bedien. Die Ouditkomitee bestaan uit die lede hieronder genoem en moet ingevolge sy goedgekeurde opdrag ten minste 4 keer per jaar vergader. Vanjaar is 10 vergaderings gehou.

<b>Naam van Lid</b>	<b>Getal Vergaderings Bygewoon</b>
Mnr. W J Sewell (Voorsitter) (Kontrak verstryk 31 Desember 2009)	8
Mnr. Z Hoosain	10
Me. A Jones	9
Adv. M Mdludlu	10
Mnr. J Jarvis (Kontrak het op 31 Desember 2009 verstryk)	8
Mnr. R Kingwill (Voorsitter) (Kontrak begin 1 Januarie 2010)	2
Mnr. L van der Merwe (Kontrak begin 1 Januarie 2010)	2

Verskonings is aangebied en aanvaar vir vergaderings wat nie bygewoon is nie. 'n Kworum van lede was op alle vergaderings teenwoordig.

#### **Ouditkomitee se verantwoordelikheid**

Die Ouditkomitee doen verslag dat hy sy verantwoordelikhede voortspruitend uit **artikel 38(1) a) van die WOFB** en **Tesourie-regulasie 3.1** nagekom het. Die Ouditkomitee doen ook verslag dat hy 'n gepaste formele opdrag as sy Ouditkomiteehandves aangeneem het, sy interne sake in ooreenstemming met hierdie handves gereël het en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat, nagekom het.



## **Die doeltreffendheid van ondernemingwye risikobestuur (ORB) en interne beheer**

In ooreenstemming met die vereistes van die WOFB en die King III-verslag oor korporatiewe beheervereistes, bied Interne Oudit aan die Ouditkomitee en die bestuur die versekering dat die interne beheermaatreëls toereikend en doeltreffend is. Dit word verkry deur 'n risikogebaseerde Interne Ouditplan, Interne Oudit se assessering van die toereikendheid van beheermaatreëls om die risiko's te verminder en die Ouditkomitee se monitering van die implementering van regstellende optrede. Vanuit die verskillende verslae van die Interne Ouditeure, die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarstate en die Bestuursverslag van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika is geen wesentliche tekortkominge in die stelsel van interne beheer en risikobestuur opgemerk nie.

Ondernemingsrisikobestuur vir die Kultuurkommissie is steeds onder die bestuur van die ouer-Departement Kultuursake en Sport.

## **Inligtingstechnologie (IT)**

Die Ouditkomitee het voorheen oor die toenemende krisis van IT in die Provinsiale Regering verslag gedoen, en beperkte vordering is gemaak met die implementering van die regrukstrategie om die IT-verwante risiko's vir die Provinsie die hoof te bied. Alvorens die regrukstrategie om die bestuur van IT te verbeter ten volle geïmplementeer is, sal die risiko's vir die departement nie tot 'n aanvaarbare vlak verminder word nie.

Die Ouditkomitee is meegedeel dat IT-dienste op Kabinetsvlak prioriteitsoorweging gekry het vir die implementering van die bloudruk vir IT-dienste.

## **Die gehalte van injaarbestedings- en kwartaalverslae ingevolge die WOFB en die Wet op Verdeling van Inkomste**

Die Ouditkomitee is nie tevrede met die inhoud en gehalte van kwartaalverslae wat die Rekenpligtige Beampste van die Entiteit gedurende die verslagjaar opgestel en uitgereik het nie.

## **Evaluering van Finansiële State**

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde Finansiële Jaarstate wat by die Jaarverslag ingesluit moet word, nagegaan en met die Ouditeur-generaal en die Rekenpligtige Beampste bespreek;
- die Ouditeur-generaal se Bestuursverslag en die Bestuur se reaksie daarop nagegaan;
- die Entiteit se prosesse vir die nakoming van wetlike en reguleringsbepalings nagegaan, en
- beduidende aanpassings na aanleiding van die oudit nagegaan.

Die Ouditkomitee gaan akkoord met en aanvaar die Ouditeur-generaal se gevolgtrekkings oor die Finansiële Jaarstate en het besluit dat die geouditeerde Finansiële Jaarstate soos saam met die verslag van die Ouditeur-generaal gelees, aanvaar word.

### **Interne Oudit**

In die verslagjaar het die Interne Ouditeenheid uitdagings ondervind met betrekking tot kapasiteit en veranderingbestuur, wat 'n uitwerking gehad het op sy vermoë om sy plan ten uitvoer te bring. Die Ouditkomitee het hierdie uitdagings erken en het in samewerking met die Rekenpligtige Beampte tot 'n hersiene Interne Ouditplan ingestem. Die Ouditkomitee sal aanhou om vordering teen die ooreengekome aksieplan te moniteer en sal voortgaan om ten nouste te moniteer namate Interne Oudit optimale kapasiteit bereik.

### **Ouditeur-generaal: Suid-Afrika**

Die Ouditkomitee het met die Ouditeur-generaal: Suid-Afrika vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die reguleringsoudit voortvloei nie. Regstellende stappe oor die gedetailleerde bevindings voortspruitend uit die reguleringsoudit sal op 'n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemoniteer word.

### **Dankbetuiging**

Die Ouditkomitee betuig graag sy waardering teenoor die beamptes van die Departement, die Provinsiale Tesourie, die Ouditeur-generaal en Interne Oudit vir hul samewerking en die inligting wat hulle aan ons verskaf het sodat ons hierdie verslag kon saamstel.



Mnr R Kingwill

Voorsitter van die Ouditkomitee vir die Maatskaplike Groep

Datum: 12 Augustus 2010

### 4.1 Verslag van Rekenpligtige Beampte

#### Die Bestuursverslag

Verslag deur die Rekenpligtige Beampte aan die Uitvoerende Gesag en die Wes-Kaapse Parlement.

#### Algemene oorsig van die stand van sake

'n Nuwe Kommissie is aangestel en het optimaal gefunksioneer tydens die verslagtydperk, 1 April tot 31 Maart 2010.

#### Dienste deur die openbare entiteit gelewer

Die funksie van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, soos vervat in die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, is om die Minister te adviseer ten opsigte van die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kultuur in die Wes-Kaap by wyse van die ondervermelde:

- Registrasie en de-registrasie van kultuurrade en finansiële bystand aan geregistreerde rade;
- Beheer, bestuur, ontwikkeling en instandhouding van roerende en/of onroerende eiendom wat deur die Provinsiale Minister onder sy beheer geplaas is;
- Verrigting van ander funksies en take wat deur die Provinsiale Minister toegewys is, en adviseer van die Minister oor beleidsake.

#### Tariefbeleid

Die tariewe vir die benutting van kultuurfasiliteite word jaarliks hersien. Tariewe is in die verslagtydperk in heroorweging geneem en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het by die Minister aanbeveel dat die tarief nie verhoog behoort te word nie. Die besluit is geneem vanweë die swak reaksie nadat 'n advertensie in koerante geplaas is in 'n poging om nuwe kliënte te lok. Dus is tariewe laas in die jaar 2007 aangepas.

#### Kapasiteitsbeperkinge

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie beskik nie oor sy eie diensnemers nie en 'n departementele beampte is belas met die administratiewe verantwoordelikheid vir die Kommissie.

### **Aanwending van beleggingsfondse**

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het aanbeveel dat R1m oorgedra moet word uit sy beleggingsrekening na sy lopende rekening en beskikbaar gestel moet word vir die kunste en vir kapasiteitsbou en opleiding binne kultuurorganisasies.

### **Besigheidsadres**

Die besigheidsadres van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie lui soos volg:

Protea Assuransie Gebou

Groentemarkplein

KAAPSTAD

8001

### **Beheerde entiteite en openbare entiteite**

Nie van toepassing nie.

### **Ander organisasies aan wie oordragpaaielemente gemaak is**

'n Bedrag van R102 000 is tydens die verslagtyd na vier kultuurrade oorgedra.

### **Openbare deelnamevennootskappe**

Nie van toepassing nie.

### **Beëindigde aktiwiteite / Aktiwiteite wat beëindig moet word**

Geen aktiwiteite of dienste is in die loop van die boekjaar beëindig nie.

### **Nuwe / Voorgestelde aktiwiteite**

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het in Augustus 2009 vergader om 'n vyfjaar- strategiese plan te bespreek. Die Vyfjaar- Strategiese Plan en 'n Jaarlikse Prestasieplan is by wyse van die Rekenpligtige Beampste van die Departement van Kultuursake, Sport en Ontspanning aan die Uitvoerende Gesag vir oorweging voorgelê. Die Uitvoerende Gesag het die Strategiese Plan en die Jaarlikse Prestasieplan vir die Wes-Kaapse Kultuurkommissie goedgekeur.

Die Strategiese Plan en die Jaarlikse Prestasieplan verlang dat aktiwiteite aan die regsmandaat van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie moet voldoen.

### **Gebeure na die balansstaatdatum**

Geen.

### **Prestasie-inligting**

Die prestasie-inligting word in afdeling 2 van die Jaarverslag verskaf.

## SKOOR-resolusies

<p>Die ooreenstemmende syfers vir 31 Maart 2008 is weer verstrek as gevolg van 'n fout wat in die finansiële verslag van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie ontdek is gedurende die boekjaar eindigende 31 Maart 2009 vir die jaar wat geëindig het op 31 Maart 2008. Die foute van die voorafgaande periode vloei voort uit 'n tegniese fout in die rekeningkunde stelsel, PASTEL, wat dataverlies meegebring het.</p>	<p>Die entiteit moet gepaste verliesmaatreëls vir in werking stel om dataverlies te verhoed.</p>	<p>Die fout het plaasgevind gedurende die 2007/08 finansiële jaar. Om te verseker dat die openingsbalans en bekendmakings korrek weerspieël word, is die vergelykende syfers van 2008/09 weer verstrek om die korreksies weer te gee wat gemaak is in die 2008/09 finansiële verslag (hervaslegging van 2007/08 inligting). Om 'n herhaling van inligtingsverlies te voorkom, maak die entiteit seker dat PASTEL kopieë daagliks op CD en op 'n datastoorskryf vasgelê word.</p>
<p>Die Rekenpligtige Gesag het nie met die Uitvoerende Gesag ooreengekom op 'n raamwerk met aanvaarbare vlakke van wesenlikheid en beduidendheid, of so 'n raamwerk ontwikkel nie. In die afwesigheid van 'n wesenlikheids- en beduidendheidsraamwerk, mag die entiteit nie oor beduidende handelsooreenkomste aan die betrokke tesourie en die Uitvoerende Gesag verslag doen vir goedkeuring daarvan nie. Verder, indien gestipuleerde materiaal en beduidende gebeure nie vermeld word nie, kan die jaarverslag en finansiële verslae van die entiteit nie 'n korrekte weergawe wees van die entiteit se bedrywighede, finansiële resultate, prestasie gemeet teen voorafbepaalde doelwitte en finansiële posisie aan die einde van die betrokke boekjaar nie.</p>	<p>Die Rekenpligtige Beampte moet 'n wesenlikheids- en beduidendheidsraamwerk ooreenkomstig die toepaslike Tesourieregulasies ontwikkel.</p>	<p>Wesenlikheidsraamwerk is ontwikkel en goedgekeur deur die Minister</p>
<p>Die finansiële verslae wat vir oudit voorgelê is, is onderwerp aan 'n materiële wysiging wat voortspruit uit die oudit omdat voortdurende monitoring en toesig nie genoeg is om bestuur in staat te stel om te bepaal of interne beheer oor finansiële verslaggewing gedoen word en funksioneer nie. Die finansiële verslae wat vir oudit voorgele is, is aan 'n materiële wysiging onderwerp wat voortspruit uit die oudit, omdat voortdurende monitoring en toesig onvoldoende is om bestuur in staat te stel of interne beheer oor finansiële verslaggewing plaasvind en funksioneer.</p>	<p>Voldoende bestuursoorsigprosesse moet geïmplementeer word om te verseker dat wanvoorstellings en weglatings raakgesien word voordat die finansiële verslae vir ouditdoeleindes voorgelê word.</p>	<p>'n Finansiële bestuursverbeteringsplan (FBVP) is saamgestel en word op 'n kwartaallikse basis gemoniteer om volledige implementering te verseker.</p>

### Ander

Geen uitgawes was aangegaan vir die 2010 Wêreld Beker geleentheid.

### Goedkeuring

Die jaarlikse finansiële state, vervat op bladsye 33 tot 49, is deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur.



**Jane Moleleki**  
**REKENPLIGTIGE BEAMPTE : WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE**  
 31 Maart 2010

## 4.2 Korporatiewe bestuursbeleid

'n Risikobepaling is uitgevoer, waarvan die uitkomst die ouditplan ter inligting van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie sal dien.

'n Bedrogvoorkomingsplan is saamgestel, wat onder meer die volgende bevat:

- 'n Etiese en Besigheidsgedragskode
- 'n bedrogbeleid
- 'n skedule van "rooi vlae" vir die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
- opdrag aan die Bedrogvoorkomingskomitee.

Die ouditkomitee vir die Maatskaplike Kluster en die interne ouditeenheid het tydens die jaar gefunksioneer en die interne ouditeenheid het toesig oor hierdie entiteit gehad. Dit is 'n diens wat met die Wes-Kaapse Regering gedeel word.

Die beamptes wat die doelstellings van die entiteit lewer, staan in diens van die Departement van Kultuursake, Sport en Ontspanning, en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie onderskryf stelsels wat deur die Departement geïmplementeer word om enige belangekonflik wat werknemers aangaan, te behartig.

### VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT OOR DIE FINANSIËLE STATE VAN DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2010

#### VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STATE

##### Inleiding

1. Ek het 'n oudit verrig van die meegaande finansiële state van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, bestaande uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2010, en die staat van finansiële prestasie, staat van verandering in netto bates en kontantvloeistaat vir die jaar wat toe geëindig het, en 'n opsomming van belangrike rekeningkundige beleidsrigtings en ander verklarende inligting, soos uiteengesit op bladsye 33 tot 49.

##### Rekenpligtige Beampte se verantwoordelikheid vir die finansiële state

2. Die rekenpligtige beampte is verantwoordelik vir die opstel en billike aanbieding van hierdie finansiële state ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Standaard vir Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (SA Standaard van AARP) en op die wyse vereis deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur van Suid-Afrika, 1999 (Wet 1 van 1999) (WOFB) en die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kulturele Rade, 1996 (Wet 14 van 1998). Hierdie verantwoordelikheid sluit in die ontwerp, implementering en handhawing van interne beheer rakende die opstel en billike aanbieding van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, ongeag of dit die gevolg van bedrog of foute is, die keuse en toepassing van geskikte rekeningkundige beleidsrigtings, en die maak van rekeningkundige beramings wat onder omstandighede redelik is.

##### Ouditeur-generaal se verantwoordelikheid

3. Soos vereis deur artikel 188 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en saamgelees met Artikel 4 van die Wet op Openbare Oudit (Wet 25 van 2004) (WOO), is dit my verantwoordelikheid om op grond van my oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.
4. Ek het my oudit verrig in ooreenstemming met die Internasionale Standaard oor Ouditering en *Algemene Kennisgewing 1570* van 2009 afgekondig in *Staatskoerant* 32758 van 27 November 2009. Daardie standaard vereis dat ek aan etiese vereistes voldoen en die oudit beplan en verrig ten einde redelike sekerheid te kry of die finansiële state vry van wesenlike wanvoorstelling is.

5. 'n Oudit behels die uitvoering van prosedures om ouditbewyse oor die bedrae en openbaarings in die finansiële state te kry. Die prosedures wat gekies word, hang van die ouditeur se oordeel af, insluitende die assessering van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, as gevolg van bedrog of foute. Wanneer daardie risiko-asseserings gedoen word, oorweeg die ouditeur interne beheer rakende die entiteit se opstelling en billike aanbieding van die finansiële state ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede geskik is, maar nie met die doel om 'n mening oor die doeltreffendheid van die entiteit se interne beheer uit te spreek nie. 'n Oudit behels ook 'n evaluering van die geskiktheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige beramings deur die bestuur, asook evaluering van die algemene aanbieding van die finansiële state.
6. Ek is van mening dat die ouditbewyse wat ek verkry het, toereikend en geskik is om 'n grondslag vir my ouditmening te bied.

### **Mening**

7. Na my mening bied die finansiële state in alle wesenlike opsigte 'n billike weergawe van die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie soos op 31 Maart 2010, en is sy finansiële prestasie en sy kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die SA Standaard van AARP en op die wyse vereis deur die WOFB.

### **Beklemtoning van saak**

Ek vestig aandag op die saak hieronder. My mening is onveranderd ten opsigte van hierdie saak:

### **Herhaling van ooreenstemmende syfers**

8. Soos weergegee in nota 15 en 16 van die finansiële state, is die ooreenstemmende syfers vir 31 Maart 2009 herhaal as gevolg van 'n verandering in rekeningkundige beleid en 'n fout wat ontdek is gedurende die jaar eindigende 31 Maart 2010 in die finansiële state van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie teen, en vir die jaar eindigende, 31 Maart 2009.

### **VERSLAG OOR ANDER WETLIKE EN REGULERINGSVEREISTES**

9. Ingevolge die WOO en *Algemene Kennisgewing 1570* van 2009, afgekondig in *Staatskoerant No. 32758* van 27 November 2009, sluit ek hieronder my bevindings oor die verslag oor voorafbepaalde oogmerke, nakoming van die WOFB en finansiële bestuur in.



## **Voorafbepaalde oogmerke**

10. Niks om oor verslag te doen nie.

## **Voldoening aan wette en regulasies**

11. Niks om oor verslag te doen nie.

## **Interne beheer**

12. Ek het interne beheer oorweeg, met betrekking tot my oudit van die finansiële state en die verslag oor voorafbepaalde oogmerke en nakoming van die WOFB, maar nie met die doel om 'n mening te lug oor die doeltreffendheid van interne beheer nie.

13. Niks om oor verslag te doen nie.

## **ANDER VERSLAE**

### **Werkopdragte om prosedures waarop ooreengekom is, uit te voer**

14. Soos versoek deur die openbare entiteit, is 'n werkopdrag uitgevoer gedurende die oorsigjaar rakende fondse wat deur Delft Universiteit geskenk is vir die restourasie van Genadendal. Die verslag dek die periode April 2002 tot Maart 2009 en is op 31 September 2009 uitgereik.

*Auditor-General*

Kaapstad  
31 Julie 2010



**AUDITOR - GENERAL**  
**SOUTH AFRICA**

*Auditing to build public confidence*

#### 4.4 VERKLARING VAN FINANSIELE POSISIE soos op 31 Maart 2010

### WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE JAARLIKSE FINANSIËLE STATE

Syfers in rand	NOTAS	2010 R'000	2009 R'000
<b>BATES</b>			
<b>NIE-LOPENDE BATES</b>			
Eiendom, aanleg en toerusting	12	31	4
<b>LOPENDE BATES</b>			
Handels- en ander ontvangbare rekenings	2	549	551
Kontant en kontantekwivalente	3	13,877	13,539
<b>TOTALE BATES</b>		<b>14,457</b>	14,094
<b>LASTE</b>			
<b>Lopende laste</b>			
Handels- en ander bedrae betaalbaar	4	1,229	1,036
Inkomste vooruit ontvang	4	169	212
<b>TOTALE LASTE</b>		<b>1,398</b>	1,248
<b>NETTO BATES</b>			
Opgehoopte surplus		13,059	12,846
<b>TOTALE NETTO BATES</b>		<b>13,059</b>	12,846
<b>TOTALE NETTO BATES EN LASTE</b>		<b>14,457</b>	14,094

## WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE

### JAARLIKSE FINANSIËLE STATE

#### 4.5 VERKLARING VAN FINANSIËLE PRESTASIE vir die jaar tot 31 Maart 2010

Syfers in rand	NOTAS	2010 R'000	2009 R'000
<b>Inkomste</b>			
Oorplasinge en subsidie ontvang	5	1,225	6t68
Ander bedryfsinkomste	5	1,700	1,966
Inkomste uit uitruiltransaksies	6	1,004	1,513
<b>TOTALE INKOMSTE</b>		<b>3,929</b>	<b>4,147</b>
 <b>BESTEDING</b>			
Geld vir lede	9	(261)	(29)
Administratiewe uitgawes	10	(298)	(95)
Ouditgelde	7	(353)	(219)
Oorplasinge en subsidie: uitgawes	11	(539)	-
Ander bedryfsuitgawes	12	(2,265)	(2,986)
<b>TOTALE BESTEDING</b>		<b>(3,716)</b>	<b>(3,329)</b>
<b>SURPLUS/(TEKORT) VIR DIE JAAR</b>		<b>213</b>	<b>818</b>

**WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE**  
**JAARLIKSE FINANSIËLE STATE**

**4.6 STAAT VAN VERANDERINGE IN NETTO BATES**

	<b>Opgehoopte surplus R'000</b>	<b>Totale ekwiteit R'000</b>
<b>Saldo op 1 April 2008</b>	<b>12,526</b>	12,526
Veranderinge in rekeningkundige beleid	<b>(499)</b>	(499)
Foute uit voorafgaande tydperk	<b>1</b>	1
<b>Surplus vir die jaar</b>	<b>818</b>	818
<b>Heraangegewe saldo op 31 Maart 2009</b>	<b>12,846</b>	12,846
<b>Saldo op 1 April 2009</b>	<b>12,846</b>	12,846
Surplus vir die jaar	<b>213</b>	213
<b>Saldo op 31 Maart 2010</b>	<b>13,059</b>	13,059

**WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE**  
**JAARLIKSE FINANSIËLE STATE**

**4.7 KONTANTVLOEISTAAT vir die jaar tot 31 Maart 2010**

**KONTANTVLOEISTAAT**

Syfers in rand	NOTAS	2010 R'000	2009 R'000
<b>Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>			
Kontant ontvang van kliënte		2,926	2,405
Kontant aan verskaffers betaal		(3,562)	(4,226)
Kontant gegeneer deur/(aangewend by) bedrywighede	8	(635)	(1,821)
Rente ontvang		1,004	1,513
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		368	(308)
<b>Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite</b>			
Aankoop van aanleg en toerusting		(31)	0
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		(31)	0
<b>Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente</b>			
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		13,539	13,847
<b>Totale kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar</b>	3	<b>13,877</b>	13,539

#### 4.8 REKENINGKUNDIGE BELEID

### 1. VOORLEGGING VAN FINANSIËLE STATE

Die finansiële state is opgestel ooreenkomstig die onderstaande beleid, wat konsekwent in alle wesenlike aspekte aangewend is, tensy anders aangedui. Waar toepaslik en sinvol is bykomende inligting egter geopenbaar ten einde die nuttigheid van die finansiële state aan te vul en te voldoen aan die statutêre vereistes van die Wet op Openbare Finansies (Wet 1 van 1999) (soos gewysig deur Wet 29 van 1999) en die Tesourieregulasies uitgereik kragtens die Wet.

#### 1.1 Grondslag van opstelling

Die finansiële verslag is opgestel in ooreenstemming met die bestaande standaard van Algemeen Erkende Rekenpligtige Praktyk (AERP) met inbegrip van enige vertolkings, riglyne en opdragte uitgereik deur die Raad vir Rekeningkundige Standaardde.

Die finansiële state is opgestel ooreenkomstig die historiese kostekonvensie, buiten soos openbaar gemaak in die rekeningpligtige beleid hieronder. Die rekeningpligtige beleid wat hieronder verskyn, is konsekwent toegepas op alle tydperke vervat in hierdie finansiële state, tensy anders aangedui. Die Entiteit het die nuwe AERP-standaarde in die huidige jaar aanvaar, soos goedgekeur deur die Minister van Finansies op 9 Mei 2008 in *Staatskoerant 31021*, wat van toepassing is vir die verslagtydperk vanaf 1 April 2009. Die nuwe AERP-standaarde is op die Entiteit van toepassing en is soos volg aanvaar:

AERP-nr.	Beskrywing
AERP 4	Die gevolge van Veranderinge in Buitelandse Valutakoerse
AERP 9	Inkomste uit Uitrustingstransaksies
AERP 14	Gebeure na die Verslagdatum
AERP 19	Voorsienings, Gebeurlikheidslaste en Gebeurlikheidsbates

Rekeningkundige beleid vir wesenlike transaksies, gebeure of omstandighede wat nie deur die aanvaarde AERP-standaarde gedek word nie, is opgestel ooreenkomstig paragrawe 7, 11 en 12 van AERP 3. Hierdie rekeningkundige beleid en die toepaslike bekendmakings is gegrond op Internasionale Openbaresektor- Rekeningkundige Praktyk (OSRP), waaronder enige vertolkings van sodanige state uitgereik deur die Raad vir Rekeningkundige Standaardde.

Die opstel van finansiële state ooreenkomstig AERP vereis van bestuur om besluite, ramings en aannames aan te gaan wat die aanwending van beleid en berigte bedrae bates en laste, inkomste en besteding raak. Die ramings en aannames is gegrond op geskiedkundige ondervinding en op verskillende ander faktore wat geag word redelik onder die omstandighede te wees, waarvan die resultate die grondslag vorm van oordele omtrent die drawaardes van bates en laste wat nie geredelik duidelik blyk uit ander bronne nie. Werklike resultate sal moontlik van daardie ramings verskil. Die ramings en stawende aannames word op 'n volgehoue grondslag in heroorweging geneem. Hersienings van rekeningkundige ramings word erken binne die tydperk waarvan die raming hersien word indien die hersiening slegs daardie tydperk raak, of in daardie tydperk van die hersiening en toekomstige tydperke indien die hersiening sowel die huidige as toekomstige tydperke raak.

### 1.1.1 Standaard wat nog nie van krag is nie

Die ondervermelde standaard is uitgereik maar nog die van krag nie:

- AERP 18: Segmentverslaggewing
- AERP 21: Verswakking van niekontantgenererende bates
- AERP 23: Inkomste uit nie-valutatransaksies
- AERP 24: Voorlegging van begrotingsinligting in finansiële state
- AERP 25: Diensnemersvoordele
- AERP 26: Verswakking van kontantgenererende bates
- AERP 103: Erfenisbates
- AERP 104: Finansiële middele

Die datums waarop hierdie standaard van krag word, is onbekend.

Die bestuur verwag nie dat die impak van die implementering van hierdie standaard enige wesenlike impak op die Entiteit sal hê nie.

1.1.2 Die kontantvloei staat kan slegs ooreenkomstig die regstreekse metode opgestel word.

1.1.3 Spesifieke inligting is afsonderlik op die verklaring van finansiële posisie aangebied, soos:

- (a) Ontvangbare rekeninge uit nuwe uitruiltransaksies, met inbegrip van belastings en oordragte;
- (b) Belastings en oordragte betaalbaar;
- (c) Handels- en ander bedrae betaalbaar uit nuwe uitruiltransaksies.

## 2. VOORLEGGINGSGELDEENHEID

Die funksionele geldeenheid van die Entiteit is die Suid-Afrikaanse rand. Hierdie jaarlikse finansiële state word in Suid-Afrikaanse rand voorgelê. Alle bedrae is afgerond tot die naaste duisend (1 000) rand.

## 3. AANNAME OMTRENT SAAK IN BEDRYF

Hierdie jaarlikse finansiële state word op die grondslag van 'n saak in bedryf opgestel.

## 4. INKOMSTE

Inkomste word gemeet aan die billike waarde van die bedrag wat ontvang is of ontvang kan word. Inkomste word erken wanneer dit waarsynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensieel na die Entiteit sal vloei en wanneer die inkomstebedrag betroubaar gemeet kan word en daar voldoen is aan spesifieke maatstawwe vir die bedrywighede van die Entiteit. Inkomste uit dienslewering word erken in surplus of tekort in verhouding tot hoe vêr die transaksie afgehandel is teen die verslagdatum.

Die bedrag word nie geag redelik meetbaar te wees totdat alle gebeurlikhede wat verband hou met die transaksie aandag geniet het nie.

### 4.1 Inkomste uit nuwe uitruiltransaksies

#### 4.1.1 Onvoorwaardelike toelae

'n Onvoorwaardelike toelae word in inkomste erken wanneer die toelae ontvangbaar word.

#### **4.1.2 Voorwaardelike toelaes en ontvangste**

Inkomste wat uit voorwaardelike toelaes, skenkings en befondsing ontvang word, word as inkomste erken dermate dat die Entiteit voldoen het aan enige van die maatstawwe, bepalinge of verpligtinge wat in die ooreenkoms vervat is. Indien daar nie aan enige van die maatstawwe, bepalinge of verpligtinge voldoen is nie, word 'n las erken.

Rente wat op beleggings verdien is, word ooreenkomstig toelaebepalinge behandel. Indien dit aan die skenker betaalbaar is, word dit aangedui as deel van die las en indien nie, word dit erken as rente wat verdien is in die verklaring van finansiële prestasie.

Toelaes wat die Entiteit vergoed vir uitgawes wat aangegaan is, word erken in surplus of tekort op 'n sistematiese grondslag binne dieselfde tydperke waartydens die uitgawes erken word.

### **5. BUITELANDSE VALUTA**

Transaksies wat in buitelandse geldeenhede gedenomineer is, word omgesit teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum geld. Monetêre items wat in buitelandse valuta gedenomineer is, word omgesit teen die wisselkoers wat op die verslagdatum geld. Winste of verliese wat tydens omsetting ontstaan, word teen surplus/tekort aangegee.

### **6. BESTEDING**

#### **6.1 Finansiële transaksies in bates en laste**

Skuld word afgeskryf wanneer dit geïdentifiseer word as verhaalbaar. Skulde wat afgeskryf word, word beperk tot die besparingsbedrag en/of onderbesteding van toegewysde fondse. Die afskrywing vind plaas teen jaareinde van die boekjaar of wanneer fondse beskikbaar is. Daar word geen voorsiening gemaak vir onverhaalbare bedrae nie, maar bedrae word openbaar gemaak as 'n openbaringsnota.

Alle ander verliese word erken wanneer magtiging verleen is vir die erkenning daarvan.

#### **6.2 Ongemagtigde uitgawe**

Wanneer ongemagtigde uitgawes ontdek word, word dit erken as 'n bate in die verklaring van finansiële posisie tot tyd en wyl die uitgawe òf goedgekeur word deur die toepaslike owerheid, verhaal word van die toepaslike persoon òf afgeskryf word as onverhaalbaar in die verklaring van finansiële prestasie.

Ongemagtigde uitgawe wat met befondsing goedgekeur is, word erken in die verklaring van finansiële prestasie wanneer die ongemagtigde uitgawe goedgekeur en die verwante fondse ontvang word. Waar die bedrag sonder befondsing goedgekeur word, word dit erken as uitgawe, onderhewig aan die beskikbaarheid van spaargeld, in die verklaring van finansiële prestasie op die goedkeuringsdatum.

#### **6.3 Vructelose en verkwistende besteding**

Vructelose en verkwistende besteding word erken as 'n bate in die verklaring van finansiële posisie tot tyd en wyl die uitgawe verhaal word van die verantwoordelike persoon of afgeskryf word as onverhaalbaar in die verklaring van finansiële prestasie.

#### **6.4 Onreëlmatige besteding**

Onreëlmatige besteding word erken as besteding in die verklaring van finansiële prestasie. Indien die uitgawe nie goedgekeur word deur die toepaslike owerheid nie, word dit as 'n bate behandel totdat dit verhaal word of as onverhaalbaar afgeskryf word.



## 6.5 Oorplasinge en subsidie

Oorplasinge en subsidie word as 'n uitgawe erken wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel uitgevoer word (nie later nie as 31 Maart van elke jaar).

## 7. FINANSIËLE INSTRUMENTE

Die finansiële instrumente van die Entiteit word as òf finansiële bates òf laste gekategoriseer.

### 7.1 Finansiële bates

n Finansiële bate is enige bate wat kontant of 'n kontraktuele reg om kontant te ontvang behels. Die Entiteit beskik oor die volgende tipes finansiële bates, soos aangedui vooraan die verklaring van finansiële posisie of die notas daarby:

- Handels- en ander ontvangbare rekeninge
- Kontant en kontantekwivalente.

Ooreenkomstig IRS 39.09 word die finansiële bates soos volg geklassifiseer in die kategorieë wat deur hierdie standaard toegelaat word:

Tipe finansiële bate	Klassifikasie ooreenkomstig IRS 39.09
Handels- en ander ontvangbare rekenings	Lenings en ontvangbare rekenings
Lenings en ontvangbare rekenings	Kontant en kontantekwivalente

#### 7.1.1 Lenings en ontvangbare rekenings

Lenings en ontvangbare rekenings word aanvanklik erken teen kostes wat billike waarde verteenwoordig. Na aanvanklike erkenning word finansiële bates gemeet teen afgeloste koste, deur gebruik te maak van die geldigerentemete metode min 'n toelae vir verswakking. Dit word ingesluit by lopende bates, met die uitsondering van uitkeerbaarheid van meer as 12 maande, wat as nie-lopende bates geklassifiseer word.

### 7.2 Finansiële laste

'n Finansiële las is 'n kontraktuele verpligting om kontant of 'n ander finansiële bate aan 'n ander entiteit te lewer. Die finansiële laste van die Entiteit is handels- en ander bedrae betaalbaar soos aangedui vooraan die verklaring van finansiële posisie en notas daarby.

Daar bestaan twee hoofkategorieë finansiële laste, waarvan die klassifikasie afhang van hoe hulle gemeet is. Finansiële laste kan gemeet word teen:

- Billike waarde deur surplus of tekort; of
- Afgeloste koste.

Finansiële laste wat teen billike waarde deur surplus of tekort gemeet word, word teen billike waarde aangegee, met enige voortvloeiende wins of verlies wat erken word in die verklaring van finansiële prestasie. Enige ander finansiële las behoort as finansiële laste geklassifiseer te word wat nie teen billike waarde deur surplus of tekort gemeet word nie en aanvanklik teen billike waarde gemeet word, netto wat transaksiekostes betref. Ander finansiële laste word vervolgens gemeet teen afgeloste koste deur gebruik te maak van die geldigerentemete metode, met rente-uitgawe wat op geldigelewingsgrondslag erken word.

## 8. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

### 8.1 Erkenning en meting

Alle items aanleg en toerusting word teen historiese koste min opgehoopde depresiasie en opgehoopde verswakingsverliese aangegee. Items aanleg en toerusting wat teen geen of 'n nominale koste aangeskaf is, word aanvanklik erken teen billike waarde op die aanwindsdatum en word daarna teen die aanvanklik bepaalde billike waarde min opgehoopde depresiasie en verswakingsverliese gedra. Wanneer dele van 'n item aanleg en toerusting verskillende nuttige leeftye het, word daar van hulle rekenskap gegee as afsonderlike items (hoofkomponente) aanleg en toerusting.

Die koste van 'n item aanleg en toerusting behels sy koopprys, met inbegrip van invoerheffings en nie-terugbetaalbare koopbelastinge, en enige regstreeks toerekenbare koste wat aangegaan is tydens die aanwinst, vestiging en installeer van sodanige bates as om dit in 'n werkende toestand te stel vir hul bedoelde gebruik. Dit sluit bates uit wat uit staatstoelae befonds word. Die kosprys van bates wat uit staatstoelae befonds word, word verlaag deur die staatstoelae wat verband hou met daardie bate.

### 8.2 Daaropvolgende kostes

Daaropvolgende kostes word ingesluit by die bate se drabedrag of erken as 'n afsonderlike bate, soos toepaslik, slegs wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese bates wat met die item verband hou na die Entiteit sal vloei en die koste van die item betroubaar gemeet kan word. Die drabedrag van die vervangde deel word van erkenning onthef. Alle ander herstel- en instandhoudingskoste word op die rekening van finansiële prestasie tydens die finansiële tydperk waarin hulle aangegaan word, geplaas. Elke deel van 'n item aanleg en toerusting met 'n koste wat beduidend is in verhouding tot die totale koste van die item moet afsonderlik gedepresieer word.

### 8.3 Depresiasie

Depresiasie word erken in surplus of tekort op 'n reguitlyngrondslag bo die geskatte nuttige leeftyd van elke deel van 'n item aanleg en toerusting teen die volgende koerse:

Depresiasiekoerse wat gebruik is, bedra:	Per jaar
Rekenaars en rekenaarsagteware	33.3%
Voertuie	20%
Toerusting	25%

Elke deel van 'n item aanleg en toerusting met 'n koste wat beduidend is in verhouding tot die totale koste van die item moet afsonderlik gedepresieer word.

Depresiasie begin wanneer 'n bate beskikbaar is vir gebruik en loop ten einde teen op die vroegste datum waarop die bate van erkenning onthef of geklassifiseer word, soos te koop bewaar ooreenkomstig AERP 100.

Waar die drabedrag groter is as sy geraamde verhaalbare bedrag, word dit onmiddellik aangeteken teen sy verhaalbare bedrag.

## **8.4 Bate-nuttige leeftye en oorblywende waardes**

Aanleg en toerusting word oorsyn nuttige leeftydgedepresieer met inagneming van oorblywende waardes, waar van toepassing. Die werklike nuttige leeftye van die bates en oorblywende waardes word jaarliks bereken en kan wissel, afhangend van 'n aantal faktore. By die herwaardering van bate-nuttige leeftye word faktore soos tegnologiese innovering, produkleeftydsiklusse en instandhoudingsprogramme in ag geneem. Waarderings van oorblywende waarde neem kwessies soos toekomstige marktoestande, die oorblywende leeftyd van die bate en geprojekteerde wegdoeningswaardes in ag.

## **8.5 Ontheffing van erkenning**

'n Item aanleg en toerusting word van erkenning onthef tydens wegdoening of wanneer daar geen toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensieel uit sy voortgesette gebruik of wegdoening verwag word nie. Die drabedrae van bates word wat by wegdoening afgeskryf word (bereken as die verskil tussen die netto wegdoeningsopbrengs en die drabedrag van die bate) word ingesluit by die staat van finansiële prestasie in die jaar dat die bate van erkenning onthef word.

## **9. VERSWAKKING VAN BATES**

Die bates word oorweeg vir verswakking indien daar 'n rede bestaan om te glo dat verswakking nodig kan wees. 'n Verswakkingsverlies word erken vir die bedrag waarteen die bate se drabedrag sy verhaalbare bedrag oorskry. Die verhaalbare bedrag is die hoogste van 'n bate se billike waarde min koste om te verkoop en waarde by gebruik. Met die waardering van verswakking ten doel, word bates teen die laagste vlakke gegroepeer waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloei-eenhede ('kontant-generende eenhede') bestaan. Bates wat as verswak geïdentifiseer is, word op elke verslagdatum hersien.

## **10. KRITIEKE REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN OORDELE**

Die Entiteit maak ramings en aannames ten opsigte van die toekoms. Die voortvloeiende rekenkundige ramings sal, per definisie, selde gelyk wees aan die werklike verwante resultate. Ramings en oordele word voortdurend in oënskou geneem en word gegrond op historiese ondervinding en ander faktore, met inbegrip van verwagtinge van toekomstige gebeure wat geag word redelik onder die omstandighede te wees. Die ramings en aannames wat 'n beduidende risiko bevat dat hulle 'n wesentliche aanpassing tot die drabedrae bates en laste binne die volgende boekjaar kan veroorsaak, word hieronder bespreek.

### **10.1 Voorsiening vir verswakking van ontvangbare rekenings**

'n Raming vir die verswakking van ontvangbare rekenings word gemaak wanneer invordering van die volle bedrag nie meer moontlik is nie. Die voorsiening vir verswakkingskulde sal slegs op handelsontvangbare rekenings bereken word. Die totale verswakkingsvoorsiening van die Entiteit sal bereken word òf volgens individuele skuldenaar òf minstens per risikokategorie.

## **11. BTW EN MOONTLIKE UITSLUITINGS**

Die Entiteit is nie daarop geregtig om as 'n BTW-ondernemer te registreer nie. Indien enige befondsing egter ontvang word wat die Entiteit aanspraak gee op moontlike vrystelling, sal sodanige aansoek voorgelê word.

**4.9 NOTAS BY DIE JAARLIKSE FINANSIËLE STATE vir die jaar tot 31 Maart 2010**

Syfers in rand	2010 R'000	2009 R'000
<b>2. Handels- en ander ontvangbare rekenings</b>		
Wes-Kaapse Taalkomitee – verwante party	1	69
Voorsiening vir slegte skulde	(212)	(734)
Handels- en ander ontvangbare rekenings	760	932
BTW – inset BTW	-	284
	<b>549</b>	<b>551</b>

Handels-en ander ontvangbare rekenings word as lenings en ander ontvangbare rekenings geklassifiseer. Die billike waarde van transaksies in handels-en ander ontvangbare rekenings benader hul billike waarde.

**3. Kontant en kontantekwivalente**

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:

Kontant voorradig	-	8
Banksaldo's	3,018	1,563
Korttermyndeposito's	10,859	11,968
	<b>13,877</b>	<b>13,539</b>

**Kredietgehalte van kontant by die bank en korttermyndeposito's, uitgesonderd kontant voorradig**

Kontant en kontantekwivalente behels kontant en korttermyn, hoogs likiede beleggings wat gehou word by geregistreerde bankinstellings met termyne van drie maande of minder en wat onderhewig is aan onbeduidende rentekoersrisiko. Die drabedrag van hierdie bates is na aan hul billike waarde.

**4. Handels- en ander bedrae betaalbaar**

Handelsbedrae betaalbaar	2	33
Geadmistreerde fondse	-	948
Opgeloopte uitgawe	1,167	-
Inkomste by voorbaat ontvang	169	212
Terugbetalings: Inkomste uit huurgeld	45	19
Ongeïdentifiseerde inkomste uit huurgeld	15	36
	<b>1,398</b>	<b>1,248</b>

Handels- en ander bedrae betaalbaar word as 'n finansiële las geklassifiseer. Die billike waarde van transaksies ten opsigte van handels- en ander bedrae betaalbaar is na aan hul billike waarde.

## 5. Inkomste

Oorplasinge en subsidie ontvang	1,225	668
Ander bedryfsinkomste (inkomste uit huurgeld)	1,700	1,966
	<b>2,925</b>	<b>2,634</b>

## 6. Inkomste uit uitruiltransaksies

### Rente-inkomste

Bank	1,004	1,513
------	-------	-------

## 7. Ouditgelde

Interne audit	-	65
Eksterne audit	353	154
	<b>353</b>	<b>219</b>

Syfers in rand	<b>2010</b> <b>R'000</b>	2009 R'000
----------------	-----------------------------	---------------

## 8. Kontant gegeneer uit/(gebruik in) bedryf

Surplus/(Tekort) voor belasting	213	818
Aanpassings vir:		
Rente ontvang	(1,004)	(1,513)

Oorblywende waarde		15
--------------------	--	----

### Veranderings aan bedryfskapitaal:

Depresiasie	4	-
Handels- en ander ontvangbare rekenings	456	(895)
Handels- en ander ontvangbare rekenings: verwante partye	68	(69)
Voorsiening vir twyfelagtige skuld	(522)	734
Handels- en ander betaalbare rekenings	150	(911)
	<b>(635)</b>	<b>(1,821)</b>

---

## 9. Gelde vir lede

### Kommissielede

T. Akleker	31	-
P. Blaaw	19	-
U. Deglon	21	-
L. Goshe	25	-
S. Gxilishe	13	-
T. Swartbooi	24	-
C. van der Rheede	13	-
H. van Wyk	20	-
G. Tyatya	21	-
E. Tshandu	18	-
X. May	27	-
J. du Plessis	14	-
L. Jacobs	15	-
	<hr/>	
	261	29

### Syfers in rand

## 10. Administratiewe uitgawes

Onthale	91	33
Skryfbehoeftes en drukwerk	198	45
Bankkoste	9	17
	<hr/>	
	298	95

## 11. Oordragte en subsidies

Professionele organisasies/NWO	259	-
Kultuurrade	102	-
Kaapse Klopse	70	-
Wes-Kaapse Taalkomitee	108	-
	<hr/>	
	539	-

## 12. Ander bedryfsuitgawes

Konsultante, kontrakteurs & gespesialiseerde dienste	679	418
--	-----	-----

Depresiasie	4	0
Diverse	5	0
Advertensiekostes	48	178
Voorsiening vir slegte skulde	-	734
Toerustingstems soos per entiteitsbeleid	103	65
Voorraad / Verbruiksgoedere	151	128
Reis & verblyf	141	4
Eiendomsuitgawe	1,035	1,354
Kommunikasiekostes	6	5
Afskrywing – Kleinkas	8	-
